




Mamma se hande

Hierdie boek behoort aan









bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Mamma se hande

(Mom's hands)

Created in South African Sign Language by the Handlab team

Produced by Claire Sternberg

Illustrated by Lenka Knoetze

Written by Ayesha Ramjugernath

Designed by Aisha Khan

Translated by Vanessa Reyneke

with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 20th September 2025.

ISBN: 978-1-997425-43-4

Typeset in Quicksand

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence
(<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.





Mamma se hande


Ayesha Ramjugernath • Lenka Knoetze • Āisha Khan






Mamma hou my styf vas.
Haar hande beweeg.

Ek glimlag.








“Goeiemôre,” groet
Mamma in gebaretaal.

Haar hande dans
deur die lug.

Ek waai terug.








Mamma wys vir my die
gebaar vir “liefde”.

Sy wys na haar hart.
Dan wys sy na my.





Tydens ontbyt, sê ons “eet”
in gebaretaal.

Ek tik met my hand teen my mond.
Mamma klap hande, “Ja!”





Terwyl ons speel,
maak Mamma die
gebaar vir “bal”.





Ek rol die bal na
haar toe. Sy lag.








Mamma sê “voël” in
gebaretaal.

Ons kyk hoe die voëls
vlieg. Ek waai my arms
op en af soos vlerke.



Tydens storietyd, maak Mamma die
gebaar vir elke woord. Haar hande
skilder prente in die lug.

Ek luister met my oë.







Wanneer ek hartseer voel, maak
Mamma die gebaar vir “drukkie”.

Sy vou my in haar arms toe.








Mamma ontmoet
haar Dowe vriende.



Ek kyk hoe hulle
hande beweeg.





Ek leer die gebaar vir “vriend”.
Ek hou my hande bymekaar.



Mamma
glimlag trots.





Voor slaaptijd, maak Mamma die
gebaar vir “Ek is lief vir jou”.

Haar hand vorm die spesiale gebaar.
Ek doen dieselfde.







Mamma praat met haar
hande. Ek is lief vir Mamma
se hande.

Ek en Mamma. Vir ewig.





